Ouderdom:
Tema: Paasfees boodskap
Teks:

'n Paasfees boodskap

Vou en knip die volgende hartjie op rooi papier – kyk wat gebeur!

AKTIWITEIT:

1. Neem 'n vel rooi papier en knip dit sodat dit vierkantig is – nie kleiner as 14x14 cm.
2. Vou die papier in die helfte sodat dit 'n reghoek vorm. Kant 1 lê bo-op kant 2.
3. Vou nou die reghoek in die helfte, sodat dit weer 'n vierkant vorm. Kant 3 lê bo-op kant 4 en die onderkant van die vierkant is toe.
4. Vou nou die vierkant sodat dit 'n driehoek vorm. Hoek 5 lê bo-op hoek 6 sodat die lang sy van die driehoek toe is.
5. Teken nou 'n hartjie soos op die skets aangedui.
6. Knip die hartjie uit terwyl jy seker maak dat die sykante aanmekaar bly.

BOODSKAP:

- ♥ Jesus gee Sy liefde vir elkeen van ons (een hartjie)
- ♥ Wanneer ons Sy liefde aanvaar, raak Sy liefde al meer in ons lewens. Dit raak so baie dat ons dit ook vir ander mense kan uitdeel (oopgevoude hartjies).
- ♥ Wanneer ons Sy liefde uitdeel, skyn ons soos 'n groot helder ster in die donker wêreld (die binnekant van die patroon vorm 'n ster).
- ♥ Soos die hartjies die ster omring, so omring Jesus se liefde vir elkeen van ons.



* Moenie die twee toekante oopknip nie.